**GR 1 – JNR KOK SAAMBRING**

Inligting vir offisiere/meelopers:

NB Kommando's moet asb genoeg meelopers saamstuur, ten minste een vir elke 8 kinders, om toesig oor kinders te hou, help waar nodig met warm goed en te help met dissipline tydens die aanbiedings.

Die volgende word voorsien:

Tafels met sitbankies vir kinders. Offisiere moet asb hul eie stoele bring om op te sit.

Stofies en Al die bestandele wat tydens die spesialisasie gebruik gaan word – kinders maak hul eie kos deur die loop van die oggend ook hul eie middagete.

Skottel met water om hande te was en Skottel om skottelgoed in te was.

**KINDERS MOET DIE VOLGENDE SAAMBRING:** merk asb duidelik met naam op

1. Vir elke 3 kinders een pan vir roereiers.
2. Elke kind bring eie eierspaan of houtlepel om roereiers om te roer en uit te skep.
3. Elke kind moet eie lappie bring vir skoonmaak.
4. Bring eie skottelgoedseep, afdroogvadoek, sponsie en skuurdraad.
5. Een rasper vir elke 3 kinders in span.
6. Elke span bring eie tafeldoek vir tafel. Daar kan 8 kinders by 'n tafel sit.
7. Een blikoopmaker vir elke 3 kinders in span.
8. Bordesak: Elke kind moet eie bord, bakkie, beker, mes, vurk en lepel saambring.
9. Indien verkies bring eie tafelversierings vir dek van tafel.
10. Inkleurkryt om plekmatjies (word voorsien) in te kleur.
11. Elke kind bring 'n eenvoudige, kan selfgemaak wees, kokhoed en voorskoot. (Indien nodig: Kokhoede kan gemaak word voor verrigtinge begin vir kinders wat nie kokhoede het nie.)
12. Pritt om prentjies op spyskaart te plak.